

Die Boran se kruisteelwaarde kry 'n hupstoot

Deur Andries Gouws

Die voortreflike eienskappe van die Boranbeesras in 'n eenvoudige tweerigting-kruising met Britse en Europese vleisbeesrasse om geslaagde beesvleisproduksie in stand te hou, het 'n hupstoot gekry toe die syfers van suiwer Borans se prestasie in 'n voerkraal van nader bekyk is.

Die syfers was uiters bemoedigend en beteken dat die persepsie dat Boranbeeste nie in voerkrale kan presteer nie, die nek ingeslaan kan word. Gedagtig daaraan dat dit uitkotbeeste was (waarskynlik met 'n swakker bouvorm, bespierung en kapasiteit), word nou met groot afwagting uitgesien na hoe geselekteerde diere sal vaar.

Die groep van 36 diere waarvan die voerkraalsyfers bekyk is, het 'n bevredigende daaglikse gewigstoename van net

minder as 2kg gehad. Hul voeromset-verhouding (VOV) op 'n droëmateriaal-grondslag was sowat 5,41kg voer vir elke kilogram gewig toegevoeg.

As dié syfers in 'n kruisteelprogram aangevul word met 'n bul van Europese, Britse of komposiete rasse met uitstaande groei- en VOV-syfers en die bykomende basterkragpotensiaal bygereken word, sit die boer met 'n speenkalf wat uitstekend gaan vaar in 'n voerkraal.

'n Lang en ryk geskiedenis

Die Boran het volgens geskiedkundiges sowat 1 300 n.C. en meer as drie eeue voor Jan van Riebeeck se aankoms in die Kaap ontstaan. Sover vasgestel kan word, is dit ook die enigste beesras in Afrika wat dié spesifieke genetiese samestelling het. Volgens die Boran-telersgenootskap van

Kenia is baie min of geen vreemde gene die afgelope sowat 1 300 jaar tot dié suiwer beesras toegevoeg nie.

Die feit dat dit so lank suiwer geteel is, bring mee dat die basterkrag wat uit kruisinge met dié ras voortvloei sterker is as dié van meer moderne saamgestelde rasse.

Hoewel dié ras so oud is, het dit eers teen die tweede helfte van die vorige eeu uit Noord-Afrika suidwaarts begin beweeg na Zambië, Tanzanië en Uganda, asook na Amerika en Australië. Die eerste Borans het omstreeks 1994 na Suid-Afrika gekom.

Die ideale vleisbees

Volgens die Boran Beestelersgenootskap van Suid-Afrika het dit gebeur omdat die land se kommersiële vleisbeesboere moeg was daarvoor om met beeste te boer wat groot bestuursinsette vereis het en oorvoer moes word.

Hulle het begin soek na die ideale vleisbees, waarmee hulle op natuurlike weidings kon boer. Die diere moes sonder intensiewe bestuur in die land se wisselende klimaatstoestande kon oorleef en periodieke droogtes kon weerstaan.

Op daardie tydstip het boere basies twee keuses gehad, naamlik beesrasse met uitstaande karkasse maar wat hoë insette vereis het, of inheemse rasse wat goed aangepas was maar 'n laer inkomste gelewer het, hoofsaaklik weens die penalisasie deur voerkrale.

Die Boran het die leemte wat tussen dié twee groepe beesrasse bestaan het gevul, met 'n aanvaarbare karkas vir die plaaslike mark en lae insette, wat die winsgewendheid van vleisbeesboerdery kon verhoog.

Hurwitz-boerdery neem die voortou

Dr Barney Hurwitz van die bekende Hurwitz-boerdery naby Davel in Mpumalanga was



Boranbeeste het 'n uitstaande oorlewingsvermoë en presteer goed op natuurlike weidings. (Foto verskaf)

een van die voorlopers. Hy het sy eerste Boran-beeste in 1995 uit Zambië ingevoer en deur middel van embryo-oorplantings en kunsmatige inseminasie (KI) sy stoetery op die been gebring nog voordat die telersgenootskap sy beslag gekry het.

Sy twee kleinseuns, Simeon en Jarren, het die boerdery sowat 'n dekade gelede by hul oupa oorgeneem. Hulle het besluit om die Boranstoet verder uit te bou op die stewige fondament wat hul oupa gelê het en om die pionierswerk wat hy gedoen het, voort te sit.

Hierbenewens het hulle besef dat sekere ekonomies belangrike eienskappe in die ras opgesluit lê, wat dit vir hulle maklik kon maak om te slaag. "Die hoë pryse wat meerderwaardige Boranteeldiere op daardie tydperk behaal het, het intussen genormaliseer en dit het al belangriker geword om beeste te teel wat met die Europese, Britse en saamgestelde beersrasse kon meeding.

"Daarom het ons in samewerking met die Boran-telersgenootskap besluit om te kyk na die syfers wat diere wat met die keuring van stoetbeeste afgekeur is en in ons voerkraal afgerond is, behaal. Naas bevredigende groei- en VOV-syfers, was dit interessant dat nie een van die Borans in die voerkraal gevrek of siek geword het nie. Daarby is 'n uitslagpersentasie van gemiddeld 55,73 behaal. Geen groeibevorderaars is gebruik nie," vertel Simeon.

Ideaal vir plaaslike toestande

Hoewel die kalwers langer as normaalweg op die natuurlike veld gehou is, swaarder was as normaalweg voordat hulle voerkraal toe is en vir 132 dae gevoer is (ook langer as gewoonlik om bykomende genetiese data te kon versamel), het 47% van die karkasse 'n A-gradering, 42% 'n AB-gradering en 11% 'n B-gradering gekry.

Omdat dié ras al eeue in Afrika is, is dit besonder goed aangepas by die plaaslike toestande en parasiete. Die beeste is bekend vir hul vrugbaarheid, gehardheid, goeie temperament en vroegrypheid.

Die persepsie dat inheemse beersrasse nie goed vaar in voerkrale nie, het die Boran se mededingendheid gekortwiek, ondanks wêreldwye navorsingsresultate wat die teendeel bewys.

Basterkragpotensiaal in kruisteling

Simeon, wat ook die voorsitter van die telersgenootskap is, sê hy glo die ras se



Die Boranbeesras het uitstekende basterkragpotensiaal wat dit in 'n kruisteelprogram kan ontsluit. (Foto: André Pretorius Fotografie)

grootste voordeel vir die Suid-Afrikaanse vleisbeesbedryf is die basterkragpotensiaal wat dit in 'n kruisteelprogram kan ontsluit.

"Proewe in Nebraska in Amerika het gewys dat die vleis van Boranbeeste en Borankruisings sagter is, asook hoër vetmarmering en 'n groter oogspieroppervlakte het as ander Zebu-beersrasse. Daarby is vasgestel dat die diere 'n uitstaande oorlewingsvermoë het en goed presteer op goeie natuurlike weidings, wat die deur oopmaak vir osproduksiestelsels om die risiko's van droogtes te temper.

"Hul loopvermoë, goeie pigment en kudde-instink maak dit maklik om dié beeste in ekstensiewe en bosveldgebiede te bestuur. In die noorde van Kenia, waar die voorsate van Suid-Afrika se Borans loop, is die weivelde en water ver van mekaar af. Natuurlike seleksie het onder dié toestande gesorg dat die beeste wat goed en ver kon loop, oorleef het," sê hy.

Uitstekende moedereienskappe

Die koeie se moedereienskappe, wat die voorspeense groei en oorlewing van die kalf bepaal, is uitstekend. Hulle beskerm nie net hul kalwers teen roofdiere nie, maar verseker ook dat geen kalf in die beboste weigebiede verlore sal raak nie. Die koeie kalf maklik en Borane het 'n baie goeie temperament.

Reproduksie is ooglopend die belangrikste eienskap wat winsgewende en volhoubare beesvleisproduksie moontlik maak. Daarom is dit nie snaaks nie dat die

Boran die moederlyn van keuse is vir 'n tweerigting-kruisteelstelsel in Kenia.

Die groot kommersiële beesvleisprodusente in dié land besef dat uitstekende nageslag aankom as die relatief klein Borankoeie met 'n *Bos Taurus*-bul gekruis word.

Genetiese afgerondheid

Volgens Simeon vereenvoudig die genetiese afgerondheid van die Borankoeie die kuddesamestelling. "Dit maak meer ingewikkelde en bestuursintensiewe drierigting- en terminale kruisteelstelsels onnodig. Dit maak dit ook maklik om by die markvereistes aan te pas.

"Nog 'n voordeel wat vir sommige van Suid-Afrika se buurlande baie aantreklik kan wees, is dat die Boran uitstekend met melkbeeste gekruis kan word om melk en vleis aan mense wat van bestaansboerderye afhanklik is, te voorsien."

In die ondersoek in Nebraska is gevind dat F1-koeie uit 'n Boran-Fries-kruising in die eerste laktasie gemiddeld 9,3kg melk (met die hoogste produksie 13,8kg) per dag gee, in hul tweede laktasie gemiddeld 10,4kg (15,6kg) melk per dag gee, en in hul derde laktasie gemiddeld 13,4kg (19,5kg) melk per dag gee. **VP**

Vir meer inligting, kontak die Boran Beestelersgenootskap van Suid-Afrika by 051 410 0951 of boran@studbook.co.za, en Simeon Hurwitz by 082 415 5448.